
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DOMESTIC VIOLENCE AMENDMENT ACT

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

WYSIGINGSWET OP GESINSGEWELD

No 14, 2021

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

————— Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Domestic Violence Act, 1998, so as to—

- **amend and insert certain definitions;**
- **further provide for the manner in which acts of domestic violence and matters related thereto, must be dealt with;**
- **further regulate protection orders in response to acts of domestic violence;**
- **amend provisions of certain laws; and**
- **provide for matters connected therewith.**

PARLIAMENT of the Republic of South Africa enacts, as follows:—

Insertion of Arrangement of Sections in Act 116 of 1998

1. The following Arrangement of Sections is hereby inserted in the Domestic Violence Act, 1998 (Act No. 116 of 1998) (hereafter referred to as the “principal Act”):

5

“ARRANGEMENT OF SECTIONS

<i>Sections</i>	
1. Definitions and interpretation	
2. Duty to assist and inform complainant of rights	
2A. Obligations of functionaries relating to domestic violence	10
2B. Obligation to report domestic violence and to provide information	
3. Arrest by peace officer without warrant and assistance to complainant	
3A. Entering of private dwelling for purposes of obtaining evidence	
4. Application for protection order	
4A. Domestic violence safety monitoring notice	15
5. Consideration of application and issuing of interim protection order	
5A. Attendance of witnesses	
5B. Electronic communications service provider to furnish particulars to court	
5C. Existing and reciprocal orders or applications	
6. Issuing of final protection order	20
6A. Integrated electronic repository for domestic violence protection orders	
7. Court’s powers in respect of protection order	

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.
-
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.
-
-

WET

Tot wysiging van die Wet op Gesinsgeweld, 1998, ten einde—

- sekere woordomskrywings te wysig en in te voeg;
- verder voorsiening te maak vir die wyse waarop handelinge van gesinsgeweld en aangeleenthede wat daarmee in verband staan, hanteer moet word;
- beskermingsbevele in reaksie op handelinge van gesinsgeweld verder te reël;
- bepalings van sekere wette te wysig; en
- voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DIE PARLEMENT van die Republiek van Suid-Afrika verorden, soos volg:—

Invoeging van Indeling van Artikels van Wet 116 van 1998

1. Die volgende Indeling van Artikels word hierby in die Wet op Gesinsgeweld, 1998 (Wet No. 116 van 1998) (hierna die "Hoofwet" genoem), ingevoeg: 5

"INDELING VAN ARTIKELS

<i>Artikels</i>	
1. Woordomskrywing en uitleg	
2. Plig om klaer by te staan en van regte in te lig	
2A. Verpligtinge van funksionarisse betreffende gesinsgeweld	10
2B. Verpligting om gesinsgeweld aan te meld en om inligting te voorsien	
3. Inhegtenisname deur vredesbeampte sonder lasbrief en bystand aan klaer	
3A. Betreding van private woning ten einde getuenis te kry	
4. Aansoek om beskermingsbevel	
4A. Moniteringskennisgewing vir gesinsgeweldveiligheid	15
5. Oorweging van aansoek en uitreiking van tussentydse beskermingsbevel	
5A. Bywoning van getuies	
5B. Elektroniese kommunikasiediensverskaffer moet besonderhede aan hof verskaf	20
5C. Bestaande en wederkerige bevele of aansoeke	
6. Uitreiking van finale beskermingsbevel	
6A. Geïntegreerde elektroniese bewaarplek vir beskermingsbevele vir gesinsgeweld	
7. Bevoegdhede van hof in verband met beskermingsbevel	

8. Warrant of arrest upon issuing of protection order	
9. Seizure of weapons	
10. Variation or setting aside of protection order	
11. Attendance of proceedings and prohibition of publication of certain information	
12. Jurisdiction	5
13. Service of documents	
14. Legal representation	
15. Orders as to costs of service and directions	
16. Appeal and review	
17. Offences	10
18. Application of Act by prosecuting authority and members of South African Police Service	
18A. Directives for clerks of court	
18B. Directives by Departments of Health, Social Development, Basic Education, Higher Education and Training and Communications and Digital Technologies	15
19. Regulations	
19A. Period within which directives and regulations must be submitted to Parliament	
20. Amendment of laws	
21. Repeal of laws and savings	
<u>22. Short title and commencement".</u>	20

Substitution of section 1 of Act 116 of 1998, as amended by section 10 of Act 31 of 2008

2. The following section is hereby substituted for section 1 of the principal Act:

“Definitions and interpretation”

1. (1) In this Act, unless the context indicates otherwise—	25
[“arm” means any arm as defined in section 1 (1) or any armament as defined in section 32 (1) of the Arms and Ammunition Act, 1969 (Act 75 of 1969);]	
‘capture’ means to store documents in the—	
(a) manner; and	30
(b) format,	
in the integrated electronic repository, as may be provided for in the directives contemplated in section 6A(3)(i);	
‘care giver’ means any person older than 18 years who, in relation to a child, a person with a disability or an older person, takes responsibility for meeting the daily needs of, or is in substantial contact with, such person;	35
‘child’ means a person under the age of 18 years;	
‘clerk of the court’ means a clerk of the court appointed in terms of section 13 of the Magistrates’ Courts Act, 1944 (Act No. 32 of 1944), and includes an assistant clerk of the court so appointed;	40
‘close relationship’ means a relationship between the complainant and any other person, which the court, with regard to the following criteria:	
(a) The degree of trust between the persons;	45
(b) the level of each person’s dependence on, and commitment to, the other person;	
(c) length of time the relationship has existed;	
(d) frequency of contact between the persons; or	
(e) the degree of intimacy between the persons,	
may consider as a close relationship of a person with the complainant;	50
‘coercive behaviour’ means to compel or force a complainant to abstain from doing anything that they have a lawful right to do, or to do anything that they have a lawful right to abstain from doing;	

8. Lasbrief tot inhegtenisname by uitreiking van beskermingsbevel	
9. Beslaglegging op wapens	
10. Wysiging of tersydestelling van beskermingsbevel	
11. Bywoning van verrigtinge en verbod op publikasie van sekere inligting	
12. Regsbevoegdheid	5
13. Betekening van dokumente	
14. Regsverteenvoordiging	
15. Bevele oor koste van betekening en lasgewings	
16. Appèl en hersiening	
17. Misdrywe	10
18. Toepassing van Wet deur vervolgingsgesag en lede van Suid-Afrikaanse Polisiërs diens	
18A. Voorskrifte vir klerke van hof	
18B. Voorskrifte by departemente van gesondheid, maatskaplike ontwikkeling, basiese onderwys, hoër onderwys en opleiding en kommunikasie en digitale tegnologie	15
19. Regulasies	
19A. Tydperk waarbinne voorskrifte en regulasies aan die Parlement voorgelê moet word	
20. Wysiging van wette	
21. Herroeping van wette en voorbehoud	20
<u>22. Kort titel en inwerkingtreding”.</u>	

Vervanging van artikel 1 van Wet 116 van 1998, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 31 van 2008

2. Artikel 1 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Woordomskrywing en uitleg 25

1.(1) In hierdie Wet, tensy die konteks anders aandui, beteken—
[‘agtervolging’ ook die herhaalde volging, agtervolging of bydam van die klaer;]

‘balju’ ’n balju ingevolge artikel 2 (1) van die Wet op Balju’s, 1986 (Wet No. 90 van 1986), aangestel, of ’n waarnemende balju ingevolge artikel 5 (1) van die gemelde Wet aangestel; 30

‘beampte in diens van ’n openbare gesondheidsinstelling’ ’n persoon wat—

(a) in diens is van openbare gesondheidsinstelling soos omskreve as ’n public health establishment’ in artikel 1 van die National Health Act’, 2003 (Wet No. 61 van 2003); en 35

(b) behoort tot enige kategorie of klas van persone deur die Direkteurgeneraal: Gesondheid ingevolge ’n voorskrif beoog in artikel 18B, as ’n funksionaris aangewys;

‘beherende gedrag’ gedrag teenoor ’n klaer wat die uitwerking het dat die klaer afhanklik van of onderdanig aan die respondent word, en sluit in—

(a) om hulle van bronse van ondersteuning te isoleer;
(b) om hulle hulpbronne of vermoëns vir persoonlike gewin uit te buit;
(c) om hulle te ontneem van die middele wat nodig is vir onafhanklikheid, teenstand of ontsnapping; of 40

(d) om hulle daagliks gedrag te reguleer;

‘beskadiging van eiendom’—

(a) die opsetlike beskadiging of vernietiging; of
(b) dreigemente oor die beskadiging of vernietiging, 50

van eiendom wat aan die klaer behoort, of wat in besit of onder beheer van die klaer is, of waarin die klaer ’n gevestigde belang het;

‘beskermingsbevel’ ’n bevel ingevolge artikel 5 of 6 uitgereik, maar, in artikel 6, nie ook ’n tussentydse beskermingsbevel nie;

'communication' , referred to in the definition of 'harassment', means anything that is used to impart information or ideas, and includes a letter, text, photo, video recording and audio recordings, but excludes an electronic communication;	
'complainant' means any person who is or has been in a domestic relationship with a respondent and who is or has been subjected or allegedly subjected to an act of domestic violence, including any child in the care of the complainant;	5
'controlling behaviour' means behaviour towards a complainant that has the effect of making the complainant dependent on, or subservient to, the respondent and includes—	10
(a) isolating them from sources of support;	
(b) exploiting their resources or capacities for personal gain;	
(c) depriving them of the means needed for independence, resistance or escape; or	15
(d) regulating their everyday behaviour;	
'court' means any magistrate's court for a district contemplated in the Magistrates' Courts Act, 1944 [(Act 32 of 1944)];	
'damage to property' means—	
(a) the wilful damaging or destruction of property; or	20
(b) threats to damage or destroy property,	
belonging to, or which is in the possession or under the control of, the complainant, or in which the complainant has a vested interest;	
'dangerous weapon' means any weapon as defined in section 1 of the Dangerous Weapons Act, 1968 (Act 71 of 1968);	25
'disclose by means of an electronic communications service' means to—	
(a) send an electronic communication to a person who is the intended recipient of the electronic communication or any other person;	30
(b) store an electronic communication on an electronic communications network, where the electronic communication can be viewed, copied or downloaded; or	
(c) send or otherwise make available to a person, a link to an electronic communication that has been stored on an electronic communications network, where the electronic communication can be viewed, copied or downloaded;	35
'Director-General' means the Director-General: Justice and Constitutional Development;	
'disability' means a moderate to severe limitation of a person's ability to function or perform daily activities as a result of a physical, sensory, communication, intellectual, mental or psychological impairment;	40
'domestic relationship' means a relationship between a complainant and a respondent in any of the following ways:	
(a) They are or were married to each other, including marriage according to any law, custom or religion;	45
(b) they (whether they are of the same or of the opposite sex) live or lived together in a relationship in the nature of marriage, although they are not, or were not, married to each other, or are not able to be married to each other;	
(c) they are the parents of a child or are persons who have or had parental responsibility for that child (whether or not at the same time);	50
(d) they are family members related by consanguinity, affinity or adoption;	
(e) they are or were in an engagement, dating or customary relationship, including an actual or perceived romantic, intimate or sexual relationship of any duration; or	55
(f) they are persons in a close relationship that share or [recently] shared the same residence;	
'domestic violence' means—	60
(a) physical abuse;	
(b) sexual abuse;	
(c) emotional, verbal [and] or psychological abuse;	

‘derdepartydader’ enige persoon—	
(a) wat nie in ‘n gesinsverhouding met die klaer is of was nie;	5
(b) wat met die respondent saamgesweer het, deur die respondent verkry of gebruik is om ‘n handeling van gesinsgeweld teen die klaer te pleeg; en	
(c) wat—	10
(i) ‘n handeling van gesinsgeweld teen die klaer gepleeg het of na bewering gepleeg het; of	
(ii) die respondent bygestaan of na bewering bygestaan het in die pleging van ‘n handeling van gesinsgeweld teen die klaer;	
‘Direkteur-generaal’ die Direkteur-generaal: Justisie en Staatkundige Ontwikkeling;	15
‘dwanggedrag’ om ‘n klaer te dwing of te forseer om enigiets wat hulle ‘n wettige reg het om te doen, nie te doen nie, of om enigiets te doen wat hulle ‘n wettige reg het om nie te doen nie;	
‘ekonomiese mishandeling’ ook—	20
(a) die [onredelike] weerhouding van ekonomiese of finansiële bronne waarop ‘n klaer regtens geregtig is of wat die klaer uit noodsaak benodig, met inbegrip van <u>onderwysuitgawes</u> , huishoudelike noodsaaklikhede vir die klaer, en verband terugbetaalings of betaling van huur ten opsigte van die gedeelde woning <u>of akkommodasie</u> ;	
(b) die [onredelike] vervreemding van huishoudelike besittings of ander eiendom waarin die klaer ‘n belang het, sonder die klaer se toestemming;	25
(c) die gebruik van ‘n klaer se finansiële hulpbronne sonder die klaer se toestemming; of	
(d) om die klaer te dwing om—	30
(i) beheer oor bates of inkomste op te gee; of	
(ii) ‘n regsdokument te onderteken wat ‘n ander persoon in staat sal stel om die klaer se finansies te bestuur;	
‘elektroniese kommunikasie’ elektroniese verteenwoordigings van inligting in enige vorm en sluit sonder beperking stem, klank, data, teks, video, animasie, visuele beeld, bewegende beeld en prente wat werklik, gesimuleer of gemanipuleer is of ‘n kombinasie of deel daarvan in, wat by wyse van ‘n elektroniese kommunikasiendiens geopenbaar word;	35
‘elektroniese kommunikasiendiens’ enige diens wat in die geheel of hoofsaaklik bestaan uit die oordrag, op enige wyse, van elektroniese kommunikasie oor ‘n elektroniese kommunikasiennetwerk, met uitsondering van uitsaaidienste soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet No. 36 van 2005);	40
‘elektroniese kommunikasiendsverskaffer’ ‘n entiteit of ‘n persoon wat gelisensieer is of vrygestel is van lisensiëring ingevolge Hoofstuk 3 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005, om ‘n elektroniese kommunikasiendiens te verskaf;	45
‘elektroniese kommunikasie-identiteitsnommer’ ‘n tegniese identifikasie-etiket wat die oorsprong of bestemming van elektroniese kommunikasie verteenwoordig;	
‘elektroniese kommunikasiennetwerk’ ‘n ‘elektroniese kommunikasiennetwerk’ soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005, en sluit ‘n rekenaarstelsel <u>in</u> ;	50
‘emosionele, verbale [en] of sielkundige mishandeling’ [‘n patroon van] verkleinerende, <u>manipulerende</u> , <u>dreigende</u> , <u>beledigende</u> , <u>intimiderende</u> of vernederende optrede teenoor ‘n klaer wat die klaer verstandelike of sielkundige leed aandoen, met inbegrip van—	55
(a) [herhaaldelike] beledigings, bespotting of uitskellery;	
(b) [herhaaldelike] dreigemente om emosionele leed te veroorsaak; [of]	
(c) die [herhaaldelike] tentoonstelling van obsesionele besitlikheid of jaloesie, wat [van so ‘n aard is dat dit] ernstig inbreuk maak op die klaer se privaatheid, vryheid, integriteit of sekuriteit;	60

(d) economic abuse;	
(e) intimidation;	
(f) harassment;	
(fA) sexual harassment;	
(fB) related person abuse;	5
(g) [stalking] spiritual abuse;	
(h) damage to property;	
(hA) elder abuse;	
(hB) coercive behaviour;	
(hC) controlling behaviour;	10
(hD) to expose a child to domestic violence;	
(i) entry into the complainant's—	
(i) permanent or temporary residence without [his or her] their consent, where the parties do not share the same residence; or	
(ii) workplace or place of study, without their consent, where the parties do not share the same workplace or place of study; or	15
(j) any other [controlling or abusive] behaviour of an intimidating, threatening, abusive, degrading, offensive or humiliating nature towards a complainant,	
where such conduct harms, or [may cause imminent harm to, the safety, health or wellbeing of] inspires the reasonable belief that harm may be caused to the complainant;	20
‘economic abuse’ includes—	
(a) the [unreasonable] deprivation of economic or financial resources to which a complainant is entitled under law or which the complainant requires out of necessity, including <u>education expenses</u> , household necessities for the complainant, and mortgage bond repayments or payment of rent in respect of the shared residence or accommodation;	25
(b) the [unreasonable] disposal of household effects or other property in which the complainant has an interest without the complainant’s permission;	30
(c) the use of financial resources of a complainant, without the complainant’s permission; or	
(d) the coercing of the complainant to—	35
(i) relinquish control over assets or income; or	
(ii) sign a legal document that would enable the complainant’s finances to be managed by another person;	
‘educator’ means any person, including a person who is appointed to exclusively perform extracurricular duties, who teaches, educates or trains other persons or who provides professional educational services, including professional therapy and education psychological services, at all public and independent schools as defined in the South African Schools Act, 1996 (Act No. 84 of 1996), all public and private colleges and all public and private further education and training institutions established, declared or registered in terms of the Further Education and Training Colleges Act, 2006 (Act No. 16 of 2006), and all public and private higher education institutions defined in the Higher Education Act, 1997 (Act No. 101 of 1997);	40
‘elder abuse’ means abuse of an older person as contemplated in section 30(2) of the Older Persons Act, 2006 (Act No. 13 of 2006), occurring within a domestic relationship;	45
‘electronic communication’ means electronic representations of information in any form, and includes without limitation voice, sound, data, text, video, animation, visual images, moving images and pictures that are real, simulated or manipulated, or a combination or part thereof, that are disclosed by means of an electronic communications service;	50
‘electronic communications identity number’ means a technical identification label which represents the origin or destination of electronic communication;	55
‘electronic communications network’ means an ‘electronic communications network’ as defined in section 1 of the Electronic Communications Act, 2005 (Act No. 36 of 2005), and includes a computer system;	60

(d) die opsetlike beskadiging of vernietiging van enige eiendom in die nabyheid van 'n klaer;	
(e) om 'n troeteldier van die huishouding of 'n ander dier, waarvan die welsyn 'n klaer se welstand direk raak, seer te maak of te dreig om dit seer te maak;	5
(f) om 'n klaer se seksuele oriëntasie of ander private inligting oor 'n klaer sonder die klaer se toestemming te openbaar of te dreig om dit aan ander te openbaar;	
(g) om die klaer te dreig met die dood of besering van 'n ander persoon of beskadiging van 'n ander persoon se eiendom; of	10
(h) dreigemente van selfdood of selfbesering;	
	'fisiese mishandeling' [enige handeling of dreigement van] ook—
(a) fisiese geweld of dreigemente van fisiese geweld teenoor 'n klaer;	
(b) om die klaer van sy of haar vryheid te ontnem of te dreig om dit te doen;	15
(c) (i) om enige dwelm soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, 1992 (Wet No. 140 van 1992);	
(ii) om enige gelyste stowwe soos omskryf in artikel 1(1) van die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (Wet No. 101 van 1965), wat 'n klaer se oordeel of besluitnemingsvermoëns affekteer of kan affekteer of skadelik vir die gesondheid en welstand van die klaer is; of	20
(iii) om enige chemikalie of ander stof wat skadelik vir die gesondheid of welstand van die klaer is,	
aan die klaer toe te dien, te probeer om dit sonder die klaer se toestemming aan die klaer toe te dien of te dreig om dit aan die klaer toe te dien; of	25
(d) om 'n klaer se medikasie te weerhou of te dreig om dit te weerhou;	
	'funksionaris' —
(a) 'n mediese praktisyen, gesondheidsorgpersoneel, 'n maatskaplike werker, 'n amptenaar in diens van 'n openbare gesondheidsinstelling, 'n opvoeder of 'n versorger; en	30
(b) enige ander persoon ingevolge artikel 2A(1) aangewys;	
	'geestelike mishandeling' —
(a) verkondiging van haat teen die klaer weens hulle godsdienstige of geestelike oortuigings, wat aanhitsing om die klaer leed aan te doen, daarstel;	35
(b) om te voorkom dat die klaer hulle grondwetlike reg op vryheid van gewete, godsdienst, denke, oortuiging en opinie uitoefen, met inbegrip van om eksterne uitdrukking te gee aan hulle godsdienstige of geestelike oortuigings en gelowe; of	40
(c) om die klaer se godsdienstige of geestelike oortuigings en gelowe te manipuleer om die mishandeling van die klaer te regverdig of te rasionaliseer;	45
	'geïntegreerde elektroniese bewaarplek' die geïntegreerde elektrooniese bewaarplek vir beskermingsbevele vir gesinsgeweld, ingevolge artikel 6A ingestel;
	'geldelike noodbystand' —
(a) vergoeding vir geldelike verliese deur 'n klaer gely voor of ten tyde van die uitreiking van 'n beskermingsbevel as gevolg van die gesinsgeweld, met inbegrip van—	50
[(a)](i) verlies aan inkomste;	
[(b)](ii) mediese, optiese, [en] tandheelkundige en verwante uitgawes;	
[(c)](iii) hervestiging- en akkommodasie uitgawes; [of]	55
[(d)](iv) uitgawes vir verkryging van huishoudelike noodsaklikhede;	
[(v)](v) opvoedkundige uitgawes;	

'electronic communications service' means any service which consists wholly or mainly of the conveyance by any means of electronic communication over an electronic communication network, but excludes broadcasting services, as defined in section 1 of the Electronic Communications Act, 2005;

5

'electronic communications service provider' means an entity or a person who is licensed or exempted from being licensed in terms of Chapter 3 of the Electronic Communications Act, 2005, to provide an electronic communications service;

'emergency monetary relief' means—

10

(a) compensation for monetary losses suffered by a complainant before or at the time of the issue of a protection order as a result of the domestic violence, including—

[(a)](i) loss of earnings;

[(b)](ii) medical, optical, [and] dental and related expenses;

15

[(c)](iii) relocation and accommodation expenses; [or]

[(d)](iv) expenses for acquiring household necessities;

(v) education expenses;

(vi) transportation costs; or

(vii) expenses in respect of psychosocial services and counselling; 20
and

(b) maintenance of any child, person with a disability or older person in the care of the complainant, to whom the respondent has a duty of care, pending finalisation of maintenance proceedings in terms of the Maintenance Act, 1998 (Act No. 99 of 1998);

25

'emotional, verbal [and] or psychological abuse' means [a pattern of] degrading, manipulating, threatening, offensive, intimidating or humiliating conduct towards a complainant that causes mental or psychological harm to a complainant, including—

(a) [repeated] insults, ridicule or name calling;

30

(b) [repeated] threats to cause emotional pain; [or]

(c) the [repeated] exhibition of obsessive possessiveness or jealousy, which [is such as to constitute] constitutes a serious invasion of the complainant's privacy, liberty, integrity or security;

(d) the wilful damaging or destruction of any property in close vicinity 35
of a complainant;

(e) to harm or threaten to harm a household pet or other animal, whose welfare affects a complainant's well-being;

(f) to disclose or threaten to disclose a complainant's sexual orientation or other private information concerning a complainant, to others without the complainant's consent;

(g) to threaten the complainant with the death or injury of another person or damage of another person's property; or

(h) threats to commit suicide or self-harm;

'expose a child to domestic violence' means to intentionally cause a child to—

45

(a) see or hear domestic violence; or

(b) experience the effects of domestic violence;

'functionary' means—

(a) a medical practitioner, health care personnel, a social worker, an official in the employ of a public health establishment, an educator or a care giver; and

(b) any other person designated in terms of section 2A(1);

50

'harassment' means [engaging in a pattern of conduct that induces the fear of harm to a complainant including]—

55

(a) [repeatedly] the unreasonable—

(i) following, watching, stalking, pursuing or accosting of the complainant or a related person; or

(ii) loitering outside of or near the building or place where the complainant or a related person resides, works, carries on business, studies or happens to be,

60

(vi) vervoerontkoste; of	
(vii) uitgawes ten opsigte van psigososiale dienste en berading; en	
(b) onderhoud van enige kind, persoon met 'n gestremdheid of ouer persoon in die sorg van die klaer teenoor wie die respondent 'n versorgingsplig het, hangende afhandeling van onderhoudsverrigtinge ingevolge die Wet op Onderhoud, 1998 (Wet No. 99 van 1998);	5
'gesinsgeweld' —	
(a) fisiese mishandeling;	
(b) seksuele mishandeling;	10
(c) emosionele, verbale [en] of sielkundige mishandeling;	
(d) ekonomiese mishandeling;	
(e) intimidasie;	
(f) teistering;	
(fA) seksuele teistering;	15
(fB) mishandeling van verwante persoon;	
(g) [agtervolging] geestelike mishandeling;	
(h) beskadiging van eiendom;	
(hA) mishandeling van ouer persone;	
(hB) dwanggedrag;	20
(hC) beherende gedrag;	
(hD) om 'n kind aan gesinsgeweld bloot te stel;	
(i) betreding van die klaer se—	
(i) permanente of tydelike woning sonder [sy of haar] hul toestemming, waar die partye nie dieselfde woning deel nie;	25
(ii) werkspelk of studieplek, sonder sy of haar toestemming, waar die partye nie dieselfde werkspelk of studieplek deel nie; of	
(j) enige ander [oorheersende of mishandelende] gedrag van 'n intimiderende, dreigende, mishandelende, verlagende, beledigende of vernederende aard teenoor 'n klaer,	30
waar sodanige optrede die [veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer skaad, of dreigende leid ten opsigte van die veiligheid, gesondheid of welstand van] redelike oortuiging skep dat die klaer [kan meebring] leid aangedoen kan word;	35
'gesinsverhouding' 'n verhouding tussen 'n klaer en 'n respondent op enige van die volgende wyses:	
(a) Hulle is of was met mekaar getroud, met inbegrip van 'n huwelik ingevolge enige wet, gebruik of godsdiens;	
(b) hulle (ongeag of hulle van dieselfde of teenoorgestelde geslag is) woon saam of het saamgewoon in 'n verhouding wat die aard van 'n huwelik het, alhoewel hulle nie met mekaar getroud is of was nie of nie in staat is om met mekaar te trou nie;	40
(c) hulle is die ouers van 'n kind of is persone wat ouerlike verantwoordelikhede ten opsigte van daardie kind het of gehad het (ongeag of dit op dieselfde tydstip is of was);	45
(d) hulle is familielede wat aan mekaar verwant is uit hoofde van bloedverwantskap, aanverwantskap of aanneming;	
(e) hulle is of was in 'n verlowings-, uitgaan- of gebruiklike verhouding, met inbegrip van 'n werklike of veronderstelde romantiese, intieme of seksuele verhouding van enige tydsduur; of	50
(f) hulle persone in 'n nabye verhouding is en hulle deel of het dieselfde woning gedeel;	
'gesondheidsorgpersoneel' gesondheidsorgpersoneel soos omskryf as 'health care personnel' in die 'National Health Act', 2003 (Wet No. 61 van 2003), en wat aan enige kategorie of klas van gesondheidsorgpersoneel behoort wat ingevolge 'n voorskrif in artikel 18B, as 'n funksionaris aangewys is;	55
'gestremdheid' 'n matige tot ernstige beperking van 'n persoon se vermoë om te funksioneer of daagliks aktiwiteite te verrig weens 'n fisiese, sensoriese, kommunikasie, intellektuele, verstandelike of sielkundige belemmering;	60

	<u>which inspires the belief in the complainant that they or a related person may be harmed or their property may be damaged;</u>	
(b)	[repeatedly making telephone calls or inducing another person to make telephone calls to the complainant, whether or not conversation ensues] to repeatedly contact the complainant by means of an electronic communications service, irrespective whether or not—	5
	(i) a conversation ensues; or	
	(ii) any information is conveyed to the complainant;	
(c)	[repeatedly] the repeated sending[,] or delivering [or causing the delivery of letters, telegrams,] of packages, [facsimiles, electronic mail] communications or other objects to the complainant, or leaving them where they may be found by, given to, or brought to the attention of, the complainant;	10
(d)	the unauthorised access to a complainant's communication or electronic communication;	15
(e)	the monitoring or tracking of the complainant's movements, activities or interpersonal associations without the complainant's consent, including, for example, by using technology;	
(f)	to enter any part of the joint residence that is exclusively used by the complainant or other property of the complainant, without the complainant's permission;	20
(g)	to unreasonably interfere with any property that is exclusively used by or is in the possession of the complainant;	
(h)	to disclose an electronic communication to the complainant, or cause the complainant to receive a communication, which—	25
	(i) is abusive, degrading, offensive or humiliating;	
	(ii) violates or offends the sexual integrity or dignity of a complainant; or	
	(iii) inspires the belief in the complainant that they or a related person may be harmed or their property may be damaged; or	30
(i)	to disclose an electronic communication, or to make a communication available, to another person concerning a complainant, which—	
	(i) contains information of a private nature;	
	(ii) violates or offends the sexual integrity or dignity of a complainant;	35
	(iii) is abusive, degrading, offensive or humiliating; or	
	(iv) inspires the belief in the complainant that they or a related person may be harmed or their property may be damaged;	40
	'health care personnel' means health care personnel as defined in section 1 of the National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003), and who belongs to any category or class of health care personnel designated, as a functionary in terms of a directive contemplated in section 18B;	45
	'integrated electronic repository' means the integrated electronic repository for domestic violence protection orders, established in terms of section 6A;	
	'intimidation' means [uttering or conveying a threat to, or causing a complainant to receive a threat, which induces fear]—	
(a)	physical violence, or damage to property belonging, to a complainant or any other person;	50
(b)	threats of physical violence, or damage to property belonging, to a complainant or any other person;	
(c)	to deprive the complainant or any other person of their liberty or threatening to do so; or	
(d)	conveying a threat, or causing a complainant to receive a threat, which induces fear of physical violence, or damage to property belonging to a complainant or any other person through electronic communication,	55
	where such conduct is intended to compel a complainant to abstain from doing anything that they have a lawful right to do, or to do anything that they have a lawful right to abstain from doing;	60

[‘gevaarlike wapen’ enige wapen soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Gevaarlike Wapens, 1968 (Wet 71 van 1968);]

‘hierdie Wet’ ook die regulasies;

‘hof’ ‘n landdroshof vir ‘n distrik beoog in die Wet op Landdroshowe, 1944 [(Wet 32 van 1944)];

‘intimidisasie’ [die uitspreek, oordra of veroorsaking van ‘n dreigement aan ‘n klaer, wat vrees inboesem]—

(a) fisiese geweld, of skade aan eiendom wat aan ‘n klaer of enige ander persoon behoort;

(b) dreigemente van fisiese geweld, of beskadiging van eiendom wat aan ‘n klaer of enige ander persoon behoort;

(c) om die klaer of enige ander persoon te ontnem van hulle vryheid of om te dreig om dit te doen; of

(d) deur elektroniese kommunikasie ‘n dreigement oor te dra, of ‘n klaer ‘n dreigement te laat ontvang, wat vrees vir fisiese geweld, of skade aan eiendom wat behoort aan ‘n klaer of enige ander persoon inboesem,

waar sodanige gedrag bedoel is om ‘n klaer te dwing om iets nie te doen nie wat hulle ‘n regmatige reg het om te doen, of om enigiets te doen wat hulle ‘n wettige reg het om nie te doen nie;

‘kind’ ‘n persoon onder die ouderdom van 18 jaar;

‘klaer’ ‘n persoon wat in ‘n gesinsverhouding met ‘n respondent staan of gestaan het, en wat aan ‘n handeling van gesinsgeweld onderwerp is of was of na bewering aan so ‘n handeling onderwerp is of was, met inbegrip van enige kind in die sorg van die klaer;

‘klerk van die hof’ ‘n klerk van die hof ingevolge artikel 13 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet No. 32 van 1944), aangestel, met inbegrip van ‘n assistent-klerk van die hof aldus aangestel;

‘kommunikasie’, in die omskrywing van ‘teistering’ bedoel, enigiets wat gebruik word om inligting of idees mee te deel, en sluit ‘n brief, teks, foto, video-opname en audio-opname in, maar sluit ‘n elektroniese kommunikasie uit;

‘lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens’ ‘n lid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995);

‘mediese praktisyne’ ‘n persoon as ‘n mediese praktisyn geregistreer ingevolge die Wet op Gesondheidsberoep, 1974 (Wet No. 56 van 1974);

‘maatskaplike werker’ ‘n persoon geregistreer as ‘n maatskaplike werker ingevolge artikel 17 van die Wet op Maatskaplike Werk, 1978 (Wet No. 110 van 1978);

‘Minister’ die Kabinetslid verantwoordelik vir dieregspleging;

‘nabye verhouding’ ‘n verhouding tussen die klaer en enige ander persoon, wat die hof, met inagneming van die volgende maatstawwe:

(a) Die mate van vertroue tussen die persone;

(b) die vlak van elke persoon se afhanklikheid van, en toewyding aan, die ander persoon;

(c) hoe lank die verhouding reeds bestaan;

(d) gereeldheid van kontak tussen die persone; of

(e) die graad van intimiteit tussen die persone,

ag ‘n persoon te wees wat in ‘n nabye verhouding met klaer is;

‘openbaar by wyse van ‘n elektroniese kommunikasiediens’—

(a) om ‘n elektroniese kommunikasie aan ‘n persoon wat die bedoelde ontvanger van die elektroniese kommunikasie is of aan enige ander persoon te stuur;

(b) om ‘n elektroniese kommunikasie op ‘n elektroniese kommunikasienetwerk te stoor, waar die elektroniese kommunikasie besigtig, gekopieer of afgelaai kan word; of

(c) om ‘n skakel na ‘n elektroniese kommunikasie wat op ‘n elektroniese kommunikasienetwerk gestoor is, aan ‘n persoon te stuur of andersins beskikbaar te stel, waar die elektroniese kommunikasie besigtig, gekopieer of afgelaai kan word;

‘opvoeder’ enige persoon, ook ‘n persoon wat aangestel is om uitsluitlik buitemuurse aktiwiteite te verrig, wat ander persone onderrig,

5

10

15

20

25

30

35

40

45

50

55

60

'medical practitioner' means a person registered as a medical practitioner in terms of the Health Professions Act, 1974 (Act No. 56 of 1974);

'member of the South African Police Service' means any member as defined in section 1 of the South African Police Service Act, 1995 (Act No. 68 of 1995); 5

'Minister' means the Cabinet member responsible for the administration of justice;

'official in the employ of a public health establishment' means a person who— 10

- (a) is in the employ of a public health establishment as defined in section 1 of the National Health Act, 2003 (Act No. 61 of 2003); and
- (b) belongs to any category or class of persons designated by the Director-General: Health in terms of a directive contemplated in section 18B, as a functionary; 15

'peace officer' means a peace officer as defined in section 1 of the Criminal Procedure Act, 1977 (Act No. 51 of 1977);

'physical abuse' [means any act or threatened act of] includes—

- (a) physical violence or threats of physical violence towards a complainant; 20
- (b) to deprive the complainant of their liberty or threatening to do so; 25
- (c) to administer, attempt to administer or threaten to administer—
 - (i) any drug as defined in section 1(1) of the Drugs and Drug Trafficking Act, 1992 (Act No. 140 of 1992);
 - (ii) any Scheduled substance as defined in section 1(1) of the Medicines and Related Substances Act, 1965 (Act No. 101 of 1965), that affects or may affect a complainant's judgement or decision-making abilities or is harmful to the health or wellbeing of the complainant; or 30
 - (iii) any chemical or other substance that is harmful to the health or wellbeing of the complainant,
- to a complainant without the complainant's consent; or
- (d) withholding or threatening to withhold a complainant's medication; 35

'prescribed' means prescribed in terms of a regulation made under section 19; 35

'protection order' means an order issued in terms of section 5 or 6 but, in section 6, excludes an interim protection order;

'related person' means any member of the family or household of a complainant, or a person in a close relationship with the complainant; 40

'related person abuse' means to—

- (a) threaten the complainant with causing of physical violence to, or the damage of property of, a related person; 45
- (b) threaten a related person with physical violence or causing damage to the property of, such a person;
- (c) threaten a related person with causing of physical violence to, or the damage of property of, a complainant; or
- (d) commit an act of physical violence against or cause damage to property of a related person,

where such actions can in the circumstances be regarded to cause harm to the complainant; 50

'residence' means any part of any structure, including a building, house, room, shed, hut, tent, mobile home, caravan, boat or other place, that is used as a place of residence by a natural person, irrespective whether or not other persons also occupy that structure; 55

opvoed of oplei of wat professionele opvoedingsdienste voorsien, met inbegrip van professionele terapie en onderwyssielkundidgedienste, by alle openbare en onafhanklike skole soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), alle openbare en privaat kolleges en alle openbare en privaat inrigtings vir verdere onderwys ingestel, verklaar of geregistreer ingevolge die ‘Further Education and Training Colleges Act’, 2006 (Wet No. 16 van 2006), en alle openbare en privaat inrigtings vir hoër onderwys omskryf in die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet No. 101 van 1997);	5
‘ouerpersoonmishandeling’ die mishandeling van ’n ouer persoon soos beoog in artikel 30(2) van die ‘Older Persons Act’, 2006 (Wet No. 13 van 2006), wat binne ’n gesinsverhouding voorkom;	10
‘respondent’ ’n persoon wat in ’n gesinsverhouding teenoor ’n klaer staan of gestaan het en wat—	
(a) ’n handeling, of na bewering ’n handeling, van gesinsgeweld teenoor die klaer gepleeg het; of	15
(b) ’n derdepartydader gebruik het of na bewering gebruik het om, ’n handeling van gesinsgeweld teenoor die klaer te pleeg;	
‘seksuele mishandeling’ enige gedrag wat die klaer mishandel, verneder, verkleineer of andersins die klaer se seksuele integriteit skend, ongeag of sodanige gedrag ’n seksuele misdryf daarstel soos in die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet No. 32 van 2007), beoog;	20
‘seksuele teistering’ enige—	
(a) ongewenste seksuele aandag van ’n respondent wat weet of redelikerwys moet weet dat sodanige aandag onwelkom is;	25
(b) onwelkomke eksplisiete of implisiete gedrag, voorstelle, gebare, opmerkings, kommunikasies gestuur of afgelewer, of elektroniese kommunikasies openbaar gemaak aan die klaer—	
(i) van ’n seksuele aard; of	30
(ii) aangaande die klaer of verwante persoon se seksuele oriëntasie, gender of genderuitdrukking,	
deur ’n respondent, wat die uitwerking het dat die klaer beleidig, geïntimideer of verneder word;	
(c) geïmpliseerde of uitdruklike belofte van vergoeding aan die klaer vir voldoening aan ’n seksueel-georiënteerde versoek; en	35
(d) geïmpliseerde of uitdruklike dreigement van vergelding of daadwerklike vergelding teen die klaer vir weiering om aan ’n seksueel-georiënteerde versoek te voldoen;	
‘stel ’n kind bloot aan gesinsgeweld’ om opsetlik te veroorsaak dat ’n kind—	40
(a) gesinsgeweld sien of hoor; of	
(b) die uitwerking van gesinsgeweld ervaar;	
‘teistering’ [die aanneem van ’n gedragspatroon wat vrees vir die berokkening van leid teenoor ’n klaer inboesem, met inbegrip van]—	45
(a) die [herhaaldelike] onredelike—	
(i) agtervolging van, dophou van, agternasit, bekruiping of bydam van die klaer of ’n verwante persoon; of	
(ii) rondsletter buite of naby, die gebou of plek waar die klaer of ’n verwante persoon woon, werk, besigheid bedryf, studeer of hom of haar bevind, wat die klaer laat glo dat hulle of ’n verwante persoon seergemaak kan word of dat hulle eiendom beskadig kan word;	50
(b) [die herhaaldelike maak van telefoonoproep of oorreding van ’n ander persoon om telefoonoproep na die klaer te maak, ongeag of ’n gesprek daaruit voortvloeи of nie] om die klaer herhaaldelik te kontak by wyse van ’n elektroniese kommunikasiadiens, ongeag of—	55
(i) ’n gesprek begin word; of	
(ii) enige inligting aan die klaer oorgedra word;	60
(c) die herhaaldelike stuur[,] of aflewering [of die reël van aflewering, van briewe, telegramme,] van pakkies, [faksimilee, elektroniese	

'respondent' means any person who is or has been in a domestic relationship with a complainant and who— (a) has committed or allegedly committed; or (b) has used or allegedly used a third party actor to commit or allegedly to commit, an act of domestic violence against the complainant;	5
'sexual abuse' means any conduct that abuses, humiliates, degrades or otherwise violates the sexual integrity of the complainant, irrespective of whether or not such conduct constitutes a sexual offence as contemplated in the Criminal Law (Sexual Offences and Related Matters) Amendment Act, 2007 (Act No. 32 of 2007);	10
'sexual harassment' means any— (a) unwelcome sexual attention from a respondent who knows or ought reasonably to know that such attention is unwelcome; (b) unwelcome explicit or implicit behaviour, suggestions, gestures, remarks made, communications sent or delivered, or electronic communications disclosed, to the complainant— (i) of a sexual nature; or (ii) regarding the complainant's or related person's sexual orientation, gender or gender expression, by a respondent, that has the effect of offending, intimidating or humiliating the complainant;	15
(2B) (a) As die respondent verskyn, maar die klaer verskyn nie, of waar beide die respondent en die klaer nie verskyn nie, op die keerdatum in artikel 5(4) bedoel, kan die hof, na behoorlike oorweging van enige getuienis wat voorheen ingevolge artikel 5(1) ontvang is—	
(i) ’n nuwe keerdatum vir die aanhoor van mondeline getuienis skeduleer; of	50
(ii) die aangeleentheid ophef.	
(b) Die klerk van die hof moet, in die voorgeskrewe vorm en op die voorgeskrewe wyse, die partye van die uitgestelde datum ingevolge paragraaf (a)(i) inlig.	55
(3) (a) Artikels 51A en 51C van die Wet op Landdroshowe, 1944, is van toepassing op ’n verhoor in subartikel (2) bedoel.	

- (b) In instances where paragraph (a) does not apply, [The] the court may, [on] of its own accord or [on] at the request of the complainant or a witness who is in a domestic relationship with the respondent [, if it is of the opinion that it is just or desirable to do so], and if it is in the interests of justice to do so, order that in the examination of [witnesses, including] the complainant or a witness, a respondent who is not represented by a legal representative—
- (a) is not entitled to cross-examine directly [a person who is in a domestic relationship with the respondent] the complainant or such a witness; and
- (b) [shall] must put any question to the complainant or such a witness by stating the question to the court, and the court is to repeat the question accurately to the [respondent] complainant or witness.
- (4) The court must, after a hearing as contemplated in subsection (2), issue a final protection order in the prescribed form if it finds, on a balance of probabilities, that the respondent has committed or is committing an act of domestic violence.
- (5) [Upon] On the issuing of a final protection order the [clerk of the] court must [forthwith in the prescribed manner cause] direct that—
- (a) the original of such order [to] must be served on the respondent within 48 hours or as soon as reasonably possible; and
- (b) a certified copy of such order, and the original warrant of arrest contemplated in section 8(1)(a), [to] must be served on the complainant,
in the prescribed manner by the clerk of the court, sheriff or peace officer identified by the court.
- (6) (a) The clerk of the court must [forthwith] immediately, in the prescribed manner, forward certified copies of any protection order and of the warrant of arrest contemplated in section 8(1)(a) to the police station of the complainant's choice.
- (b) The clerk of the court must capture—
- (i) the final protection order;
 - (ii) the warrant of arrest contemplated in section 8(1)(a); and
 - (iii) the return of service of—
- (aa) the original final protection order on the respondent; and
 - (bb) a copy of the final protection order and warrant of arrest on the complainant,
- on the integrated electronic repository.
- (7) Subject to the provisions of [section] sections 5C(3)(c) and 7(7)(b), a final protection order issued in terms of this section—
- (a) is of force and effect from the time that the existence and content of the order have been served on the respondent; and
- (b) remains in force until it is set aside, and the execution of such order [shall] is not [be] automatically suspended upon the noting of an appeal.”.

Insertion of section 6A in Act 116 of 1998

12. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 6:

“Integrated electronic repository for domestic violence protection orders

- 6A.** (1) The Director-General must develop, establish and maintain the integrated electronic repository for domestic violence protection orders.
- (2) (a) The Director-General must appoint or designate a fit and proper person, with due regard to their relevant expertise, experience,

<p>(b) In gevalle waar paragraaf (a) nie van toepassing is nie, kan die [Die] hof [kan], uit eie beweging of op versoek van die klaer [, indien hy van oordeel is dat dit regverdig of wenslik is om aldus op te tree,] of 'n getuie wat in 'n gesinsverhouding met die respondent staan en as dit in die belang van die geregtigheid is om dit te doen, gelas dat by die ondervraging van [getuies, met inbegrip van] die klaer of 'n getuie, 'n respondent wat nie deur 'n regsverteenvoerdiger verteenwoordig word nie—</p> <p>(a) nie geregtig is om ['n persoon wat in 'n gesinsverhouding tot die respondent staan] die klaer of sodanige getuie direk te kruisondervra nie; en</p> <p>(b) enige vraag aan die klaer of sodanige getuie moet stel deur die vraag aan die hof te stel, en die hof moet die vraag akkuraat aan die klaer of getuie oordra.</p> <p>(4) Die hof moet, na 'n verhoor in subartikel (2) beoog, 'n finale beskermingsbevel uitrek in die voorgeskrewe vorm indien hy bevind, op 'n oorwig van waarskynlikhede, dat die respondent 'n handeling van gesinsgeweld pleeg of gepleeg het.</p> <p>(5) By die uitreiking van 'n finale beskermingsbevel moet [die klerk van] die hof [onverwyld op die voorgeskrewe wyse] gelas dat—</p> <p>(a) die oorspronklike bevel binne 48 uur of so gou as redelickerwys moontlik aan die respondent [laat] beteken moet word; en</p> <p>(b) 'n gewaarmerkte afskrif van die bevel, en die oorspronklike lasbrief vir inhegtenisname in artikel 8(1)(a) bedoel, aan die klaer [laat] beteken moet word,</p> <p>op die voorgeskrewe wyse deur die klerk van die hof, balju of vredesbeampte deur die hof geïdentifiseer.</p> <p>(6) (a) Die klerk van die hof moet [onverwyld] onmiddellik op die voorgeskrewe wyse gewaarmerkte afskrifte van 'n beskermingsbevel en van die lasbrief tot inhegtenisname in artikel 8(1)(a) beoog, aan die polisiekantoor van die klaer se keuse stuur.</p> <p>(b) Die klerk van die hof moet die—</p> <p>(i) finale beskermingsbevel;</p> <p>(ii) lasbrief tot inhegtenisname in artikel 8(1)(a) beoog; en</p> <p>(iii) relaas van betekening van—</p> <p>(aa) die oorspronklike finale beskermingsbevel aan die respondent; en</p> <p>(bb) 'n afskrif van die finale beskermingsbevel en lasbrief van inhegtenisname aan die klaer,</p> <p>in die geïntegreerde elektroniese bewaarplek vaslê.</p> <p>(7) Behoudens die bepalings van [artikel] artikels 5C(3)(c) en 7(7)(b)[,]—</p> <p>(a) is 'n finale beskermingsbevel ingevolge hierdie artikel uitgereik ten volle van krag vanaf die tydstip dat die bestaan en inhoud van die bevel aan die respondent beteken is; en</p> <p>(b) bly 'n finale beskermingsbevel ingevolge hierdie artikel uitgereik van krag totdat dit tersyde gestel word, en die uitvoering van so 'n bevel word nie outomaties opgeskort hangende die aantekening van 'n appèl nie.”.</p>	5 10 15 20 25 30 35 40 45 50
--	---

Invoeging van artikel 6A in Wet 116 van 1998

12. Die volgende artikel word hierby ná artikel 6 in die Hoofwet ingevoeg:

“Geïntegreerde elektroniese bewaarplek vir beskermingsbevele vir gesinsgeweld

6A. (1) Die Direkteur-generaal moet die geïntegreerde elektroniese bewaarplek vir beskermingsbevele vir gesinsgeweld ontwikkel, instel en onderhou.

(2) (a) Die Direkteur-generaal moet 'n gepaste en gesikte persoon, met behoorlike inagneming van hulle tersaaklike kundigheid, ervaring,

55

conscientiousness and integrity, as administrator of the integrated electronic repository.

- (b) The administrator of the integrated electronic repository—
 - (i) must carry out the administrative duties relating to the functioning of the integrated electronic repository;
 - (ii) must manage, and exercise administrative control over the integrated electronic repository;
 - (iii) must ensure compliance with any directive issued in terms of subsection (3); and
 - (iv) is, for purposes of the exercise of the powers, performance of the functions and carrying out of the duties conferred upon, assigned to or imposed upon them under this Act, accountable to the Director-General.
- (3) In achieving the objectives contemplated in subsection (1), the Director-General must, in consultation with the administrator of the integrated electronic repository and the Information Regulator established in terms of section 39 of the Protection of Personal Information Act, 2013 (Act No. 4 of 2013), issue directives to provide for—
 - (a) the functional requirements of the integrated electronic repository;
 - (b) the technical specifications for the integrated electronic repository;
 - (c) the specifications for the interface between the integrated electronic repository and any authorised party interfacing with the integrated electronic repository;
 - (d) the persons or categories or class of persons who will be authorised to access documents or any other electronic records contained in the integrated electronic repository;
 - (e) the standards governing the information security of the integrated electronic repository;
 - (f) the operation of the integrated electronic repository;
 - (g) the processing of information using the integrated electronic repository;
 - (h) the secure retention and subsequent production of documents or any other electronic records, which may be required for purposes of this Act, and which must be complied with by persons interacting with the integrated electronic repository;
 - (i) the capturing of documents in the integrated electronic repository; and
 - (j) any other matter which may be necessary or expedient to prescribe in order to achieve or promote the objects of the integrated electronic repository.”.

5

10

15

20

25

30

35

40

Amendment of section 7 of Act 116 of 1998

13. Section 7 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections:

- “(1) The court may, by means of a protection order referred to in section 5 or 6, prohibit the respondent from—
 - (a) committing or attempting to commit any act of domestic violence;
 - (b) enlisting the help of another person to commit any such act;
 - (c) entering a residence shared by the complainant and the respondent: Provided that the court may impose this prohibition only if it appears to be in the best interests of the complainant;
 - (d) entering a specified part of such a shared residence;
 - (e) entering the complainant’s residence;
 - (f) entering the complainant’s **[place of employment]** workplace or place of studies;
 - (g) preventing the complainant who ordinarily lives or lived in a shared residence as contemplated in **[subparagraph]** paragraph (c) from entering or remaining in the shared residence or a specified part of the shared residence; **[or]**

45

50

55

pligsgetrouwheid en integriteit, as administrateur van die geïntegreerde elektroniese bewaarplek aanstel of aanwys.

(b) Die administrateur van die geïntegreerde elektroniese bewaarplek—

- (i) moet die administratiewe pligte betreffende die funksionering van die geïntegreerde elektroniese bewaarplek uitvoer;
 - (ii) moet die geïntegreerde elektroniese bewaarplek bestuur en administratiewe beheer daaroor uitoefen;
 - (iii) moet nakoming van enige voorskrif ingevolge subartikel (3) uitgereik, verseker; en
 - (iv) is, vir die doeleindes van die uitoefening van die bevoegdhede, verringing van die werksaamhede en uitvoer van die pligte ingevolge hierdie Wet aan hulle verleen, toege wys of opgelê, aan die Direkteur-generaal aanspreeklik.
- (3) In die bereiking van die oogmerke in subartikel (1) beoog, moet die Direkteur-generaal, in oorleg met die administrateur van die geïntegreerde elektroniese bewaarplek en die Inligtingsreguleerder ingestel ingevolge artikel 39 van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet No. 4 van 2013), voorskrifte uitrek om voorsiening te maak vir—
- (a) die funksionele vereistes van die geïntegreerde elektroniese bewaarplek;
 - (b) die tegniese spesifikasies vir die geïntegreerde elektroniese bewaarplek;
 - (c) die spesifikasies vir die koppelvlak tussen die geïntegreerde elektroniese bewaarplek en enige gemagtigde party wat met die geïntegreerde elektroniese bewaarplek koppel;
 - (d) die persone of kategorieë of klas van persone wat gemagtig sal wees om toegang tot dokumente of enige ander elektroniese rekords in die geïntegreerde elektroniese bewaarplek vervat, te kry;
 - (e) die standaarde wat die inligtingsekuriteit van die geïntegreerde elektroniese bewaarplek beheer;
 - (f) die bedryf van die geïntegreerde elektroniese bewaarplek;
 - (g) die verwerking van inligting met die geïntegreerde elektroniese bewaarplek;
 - (h) die veilige behoud en daaropvolgende produksie van dokumente of enige ander elektroniese rekords, wat benodig kan word vir die doeleindes van hierdie Wet, en waaraan persone wat met die geïntegreerde elektroniese bewaarplek werk, moet voldoen;
 - (i) die vaslê van dokumente in die geïntegreerde elektroniese bewaarplek; en
 - (j) enige ander aangeleentheid wat nodig of raadsaam mag wees om voor te skryf ten einde die oogmerke van die geïntegreerde elektroniese bewaarplek te bereik of te bevorder.”.

Wysiging van artikel 7 van Wet 116 van 1998

45

13. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikels (1) en (2) deur die volgende subartikels te vervang:

- “(1) Die hof kan, deur middel van ’n beskermingsbevel in artikel 5 of 6 bedoel, ’n respondent verbied om—
- (a) enige handeling van gesinsgeweld te pleeg of te poog om dit te pleeg;
 - (b) die hulp van ’n ander persoon te verkry om so ’n handeling te pleeg;
 - (c) ’n woning wat deur die klaer en die respondent gedeel word, binne te gaan: Met dien verstande dat die hof hierdie verbod slegs oplê indien dit blyk dat dit in die beste belang van die klaer sal wees;
 - (d) ’n spesifieke gedeelte van so ’n gedeelde woning binne te gaan;
 - (e) die klaer se woning binne te gaan;
 - (f) die klaer se werksplek of studieplek binne te gaan;
 - (g) die klaer wat normaalweg in ’n gedeelde woning soos in [subparagraaf] paragraaf (c) beoog, woon of gewoon het, te verhoed om die gedeelde woning of ’n spesifieke deel van die gedeelde woning binne te gaan of daar te vertoeft; **[of]**

- (gA)disclosing any electronic communication or making available any communication, as may be specified in the protection order; or
- (h) committing any other act as specified in the protection order.
- (2) The court may impose any additional conditions which it deems reasonably necessary to protect and provide for the safety, health or wellbeing of the complainant, including—
- (a) an order—
- (i) to seize any [arm or dangerous] weapon in the possession or under the control of the respondent, as contemplated in section 9; and
- [(b)](ii) that a peace officer must accompany the complainant to a specified place to assist with arrangements regarding the collection of personal property; or
- (b) the making of a recommendation that the complainant should approach the relevant police station to investigate the matter with the view to institute a criminal prosecution against the respondent.”;
- (b) by the insertion of the following subsection after subsection (4):
- “(4A) (a) If the court is satisfied, from evidence adduced at a hearing in terms of section 6, that the respondent is probably a person contemplated in section 33(1) of the Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act, 2008 (Act No. 70 of 2008), the court may order the respondent to appear before a specified magistrate’s court having jurisdiction on a specified date and time in connection with an enquiry in terms of section 35 of the Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act, 2008.
- (b) Where the respondent concerned fails to appear at the place and on the date and at the time referred to in paragraph (a), a magistrate of the relevant court may, at the request of a prosecutor attached to the court, issue a warrant referred to in section 33(3) of the Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act, 2008, directing that the respondent concerned must be apprehended and be brought before the magistrate.
- (c) A prosecutor attached to the relevant court must obtain a report referred to in section 33(4) of the Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act, 2008.
- (d) Section 35 of the Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act, 2008, applies, with the necessary changes required by the context, in respect of a respondent who appears before a magistrate, in pursuance of an order made under paragraph (a), as if they were a person brought before the said magistrate in terms of section 33 of that Act and as if the report obtained in terms of paragraph (c) were a report obtained in terms of section 33(4) of that Act.
- (e) A copy of the record of the hearing in terms of section 6, certified or purporting to be certified by the clerk of the court or, in the case where the proceedings were recorded by electronic means, by the person who transcribed the proceedings, as a true copy of such record may, subject to subsection (5) and any direction of the court referred to in paragraph (a), be produced at the said enquiry as evidence.”;
- (c) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:
- “(5) (a) The physical, home, study and work address and contact details of the complainant or related person to whom the protection order relates must be omitted from the protection order, unless the nature of the terms of the order necessitates the inclusion of such [address] particulars.
- (b) The court may issue any directions to ensure that the complainant’s or related person’s physical, home, study and work address and contact

(gA) enige elektroniese kommunikasie te openbaar of enige kommunikasie beskikbaar te stel, soos in die beskermingsbevel gespesifiseer kan word; of	
(h) enige ander handeling wat in die beskermingsbevel gespesifiseer word, te verrig.	5
(2) Die hof kan enige bykomende voorwaardes wat die hof redelikerwys noodsaaklik ag, oplê ten einde die veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer te beskerm of om daarvoor voorsiening te maak, met inbegrip van—	10
(a) 'n bevel—	
(i) om beslag te lê op 'n wapen of gevaaarlike wapen in die besit of onder die beheer van die respondent, soos in artikel 9 beoog; en	
[(b)](ii) dat 'n vredesbeampte die klaer na 'n spesifieke plek moet vergesel om hulp te verleen met reëlings betreffende die afhaal van persoonlike eiendom; of	15
(b) die doen van 'n aanbeveling dat die klaer die tersaaklike polisiestasie moet nader om die aangeleentheid te ondersoek met die oog daarop om strafregtelike verrigtinge teen die respondent in te stel.”;	20
(b) deur die volgende subartikel na subartikel (4) in te voeg:	
“(4A) (a) As die hof oortuig is, uit getuienis by 'n verhoor ingevolge artikel 6 aangebied, dat die respondent waarskynlik 'n persoon is soos beoog in artikel 33(1) van die ‘Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act’, 2008 (Wet No. 70 van 2008), kan die hof die respondent gelas om voor 'n gespesifiseerde landdroshof metregsbevoegdheid te verskyn op 'n gespesifiseerde datum en tyd in verband met 'n ondersoek ingevolge artikel 35 van die ‘Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act’, 2008.	25
(b) Waar die betrokke respondent versuim om op die datum en by die plek bedoel in paragraaf (a) te verskyn, kan 'n landdros van die tersaaklike hof op versoek van 'n aanklaer aan die hof verbonde, 'n lasbrief bedoel in artikel 33(3) van die ‘Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act’, 2008, uitreik waarin gelas word dat die betrokke respondent aangekeer en voor die landdros gebring moet word.	30
(c) 'n Aanklaer aan die tersaaklike hof verbonde, moet 'n verslag bedoel in artikel 33(4) van die ‘Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act’, 2008, verkry.	35
(d) Artikel 35 van die ‘Prevention of and Treatment for Substance Abuse Act’, 2008, is van toepassing, met die nodige veranderinge deur die samehang vereis, ten opsigte van 'n respondent wat voor 'n landdros verskyn, in navolging van 'n bevel kragtens artikel (a) gegee, asof hulle 'n persoon was wat voor die genoemde landdros gebring is ingevolge artikel 33 van daardie Wet en asof die verslag ingevolge paragraaf (c) verkry, 'n verslag was wat ingevolge artikel 33(4) van daardie Wet verkry is.	40
(e) 'n Afskrif van die oorkonde van die verhoor ingevolge artikel 6, wat gesertifiseer is of na bewering gesertifiseer is deur die klerk van die hof of, in 'n geval waar die verrigtinge deur elektroniese middele opgeneem is, deur die persoon wat die verrigtinge getranskribeer het, as 'n ware afskrif van sodanige oorkonde kan, behoudens artikel 11 en enige lasgewing van die hof in paragraaf (a) bedoel, by die genoemde ondersoek as getuienis verstrek word.”;	45
(c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:	50
“(5) (a) Die fisiese, huis-, studie- en werksadres [adres] en kontakbesonderhede van die klaer of verwante persoon met wie die beskermingsbevel verband hou, mag nie op die beskermingsbevel aangedui word nie, tensy die aard van die bevel se bepalings die insluiting van sodanige [adres] besonderhede noodsaak.	55
(b) Die hof kan enige lasgewings uitreik ten einde te verseker dat die klaer of verwante persoon se fisiese [adres] , huis-, studie- of werksadres en kontakbesonderhede nie geopenbaar word op 'n wyse wat die	60

details [is] are not disclosed in any manner which may endanger the safety, health or wellbeing of the complainant or related person.

(c) Where the complainant or related person is a child, the physical, home and work addresses of the complainant or related person shall not be disclosed until a children's court inquiry into the matter has been held.”; and

(d) by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

“(7) (a) The court may not refuse—

- (i) to issue a protection order; or
- (ii) to impose any condition or make any order which it is competent to impose or make under this section,

merely on the grounds that other legal remedies are available to the complainant.

(b) If the court is of the opinion that any provision of a protection order deals with a matter that should, in the interests of justice, be dealt with further in terms of any other relevant law, including the Maintenance Act, 1998, the court must order that such a provision [shall] must be in force for such limited period as the court determines, in order to afford the party concerned the opportunity to seek appropriate relief in terms of such law.”.

5

10

15

20

Amendment of section 8 of Act 116 of 1998

14. Section 8 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) Whenever a court issues a protection order in terms of section

5(2) or 6, the court must make an order—

25

(a) authorising the issue of a warrant for the arrest of the respondent, in the prescribed form; and

(b) suspending the execution of such warrant subject to compliance with any prohibition, condition, obligation or order imposed in terms of section 7.”;

30

(b) by the substitution for subsections (4) and (5) of the following subsections:

“(4) (a) A complainant may hand the warrant of arrest together with an affidavit in the prescribed form, wherein it is stated that the respondent has contravened any prohibition, condition, obligation or order contained in a protection order, to any member of the South African Police Service.

35

(b) If it appears to the member concerned that, subject to subsection (5), there are reasonable grounds to suspect that the complainant is suffering or may suffer [imminent] harm as a result of the alleged breach of the protection order by the respondent, the member must [forthwith] immediately arrest the respondent for allegedly committing the offence referred to in section 17(1)(a).

40

(c) If the member concerned is of the opinion that there are insufficient grounds for arresting the respondent in terms of paragraph (b), [he or she] the member must [forthwith] immediately hand a written notice, in the prescribed form, to the respondent which—

45

(i) specifies the name, the residential and work address and the occupation or status of the respondent;

(ii) calls upon the respondent to appear before a court, and on the date and at the time, specified in the notice, on a charge of committing the offence referred to in section 17(1)(a); and

50

(iii) contains a certificate signed by the member concerned to the effect that [he or she] the member handed the original notice to the respondent and that [he or she] the member explained the import thereof to the respondent.

(d) The member must [forthwith] immediately forward a duplicate original of a notice referred to in paragraph (c) to the clerk of the court concerned, and the mere production in the court of such a duplicate original [shall be] is prima facie proof that the original thereof was handed to the respondent specified therein.

55

veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer of verwante persoon in gevaar kan stel nie.

(c) Waar die klaer of verwante persoon 'n kind is, word die fisieke, huis- en werksadresse van die klaer of verwante persoon nie geopenbaar nie totdat 'n kinderhofondersoek na die aangeleentheid gedoen is.”; en 5

(d) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) (a) Die hof mag nie weier nie—

- (i) om 'n beskermingsbevel uit te reik; of
- (ii) om 'n voorwaarde op te lê of 'n bevel te maak wat hy ingevolge hierdie artikel kan oplê of maak,

bloot op grond daarvan dat ander regsmiddele aan die klaer beskikbaar is.

(b) Indien die hof van mening is dat enige bepaling van 'n beskermingsbevel 'n aangeleentheid hanteer wat, in die belang van geregtigheid, ingevolge enige ander wet, met inbegrip van die Wet op Onderhoud, 1998, verder gehanteer behoort te word, gelas die hof dat so 'n bepaling vir die beperkte tydperk wat die hof bepaal van krag [sal] moet wees, ten einde die betrokke party die geleentheid te bied om gepaste regshulp ingevolge so 'n wet te bekom.”. 15

Wysiging van artikel 8 van Wet 116 van 1998

10

15

20

14. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Wanneer ook al 'n hof 'n beskermingsbevel ingevolge artikel 5(2) of 6 uitreik, maak die hof 'n bevel—

- (a) waarby die uitreiking van 'n lasbrief, in die voorgeskrewe vorm, vir 25 die inhegtenisname van die respondent gemagtig word; en
- (b) waarby die uitvoering van so 'n lasbrief opgeskort word, onderworpe aan die *nakoming* van enige verbod, voorwaarde, verpligting of lasgewing ingevolge artikel 7 opgelê.”;

(b) deur subartikels (4) en (5) deur die volgende subartikels te vervang:

“(4) (a) 'n Klaer kan die lasbrief tot inhegtenisname, tesame met 'n beëdigde verklaring in die voorgeskrewe vorm waarin vermeld word dat die respondent 'n verbod, voorwaarde, verpligting of lasgewing in 'n beskermingsbevel vervat, verontagsaam het, aan enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens oorhandig.

(b) Indien dit aan die lid blyk, behoudens subartikel (5), dat daar redelike gronde is om te vermoed dat die klaer [aan dreigende] leed [blootstaan] aangedoen word of aangedoen kan word as gevolg van die beweerde verbreking van die beskermingsbevel deur die respondent, moet die lid [onverwyld] onmiddellik die respondent arresteer vir die beweerde pleging van die misdryf in artikel 17(1)(a) bedoel. 40

(c) Indien die betrokke lid van oordeel is dat daar nie voldoende gronde is om die respondent ingevolge paragraaf (b) te arresteer nie, moet [hy of sy onverwyld] die lid onmiddellik 'n skriftelike kennisgewing aan die respondent oorhandig, wat— 45

(i) die naam, die woonadres en werksadres en die beroep of status van die respondent bevat;

(ii) die respondent aansê om by 'n plek en op 'n datum en op 'n tyd te verskyn wat in die kennisgewing vermeld word, op 'n aanklag dat hy of sy die misdryf in artikel 17(1)(a) bedoel, gepleeg het; en 50

(iii) 'n sertifikaat onder naamtekening van die betrokke lid bevat dat [hy of sy] die lid die oorspronklike van bedoelde kennisgewing aan die respondent oorhandig het en dat [hy of sy] die lid die betekenis daarvan aan die respondent verduidelik het.

(d) Die lid moet [onverwyld] onmiddellik 'n duplikaat-oorspronklike van die kennisgewing in paragraaf (c) bedoel, aanstuur aan die klerk van die betrokke hof, en die blote voorlegging aan die hof van so 'n duplikaat-oorspronklike is *prima facie*-bewys dat die oorspronklike daarvan aan die respondent daarin vermeld, oorhandig is. 55

- (5) In considering whether or not the complainant is suffering or may suffer [imminent] harm, as contemplated in subsection (4)(b), the member of the South African Police Service must take into account—
- (a) the risk to the safety, health or wellbeing of the complainant or related person or damage of their property;
 - (b) the seriousness of the conduct comprising an alleged breach of the protection order; [and]
 - (c) the length of time since the alleged breach occurred; and
 - (d) the nature and extent of the harm previously suffered in the domestic relationship by the complainant or a related person.”; and
- (c) by the substitution for subsection (6) of the following subsection:
- “(6) Whenever a warrant of arrest is handed to a member of the South African Police Service in terms of subsection (4)(a), the member must inform the complainant of [his or her] their right to simultaneously lay a charge against the respondent, if applicable, and explain to the complainant how to lay such a charge.”.

5

10

15

15

Substitution of section 9 of Act 116 of 1998

- 15.** The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Act:

“Seizure of [arms and dangerous] weapons

- 9.** (1) The court must order a member of the South African Police Service to seize any [arm or dangerous] weapon in the possession or under the control of a respondent as specified in that order, regardless of the requirements of the respondent’s employment to possess such weapon, if the court is satisfied on the evidence placed before it, including any affidavits supporting an application referred to in section 4(1), that—
- (a) the respondent has threatened or expressed the intention to kill or injure [himself or herself or] themselves, any person in [a] the domestic relationship [or], a related person, or any other person, whether or not by means of such [arm or dangerous] weapon; or
 - (b) the possession of such [arm or dangerous] weapon is not in the best interests of the respondent or any other person in a domestic relationship or a related person, as a result of the respondent’s—
- (i) state of mind or mental condition;
 - (ii) inclination to violence; or
 - (iii) use of or dependence on intoxicating liquor or drugs.

20

25

30

35

- (2) Any [arm] weapon contemplated in paragraph (a) of the definition of ‘weapon’ seized in terms of subsection (1) must be [handed over to the holder of an office in the] kept by the South African Police Service [as contemplated in section 11(2)(b) of the Arms and Ammunition Act, 1969 (Act 75 of 1969),] and the court must direct the clerk of the court to refer a copy of the record of the evidence concerned to the [National Commissioner of the South African Police Service] relevant station commander for consideration in terms of section [11] 102 of the [Arms and Ammunition Act, 1969] Firearms Control Act, 2000, and a copy of the record must be submitted to the National Commissioner of the South African Police Service.

40

45

- (3) Any [dangerous] weapon contemplated in paragraph (b) of the definition of ‘weapon’ seized in terms of subsection (1)—
- (a) must be given a distinctive identification mark and retained in police custody for such period of time as the court may determine; and
 - (b) [shall] may only be returned to the respondent or, if the respondent is not the owner of the [dangerous] weapon, to the owner thereof, by order of the court and on such conditions as the court may determine:

50

55

- (5) By die oorweging van die vraag of 'n klaer **[aan dreigende]** leed **[blootstaan]** aangedoen word of aangedoen kan word, soos in subartikel (4)(b) beoog, moet die lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens in ag neem—
- (a) die risiko vir die veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer of verwante persoon of beskadiging van hulle eiendom;
 - (b) die erns van die optrede wat 'n beweerde verbreking van die beskermingsbevel uitmaak; **[en]**
 - (c) die tydsduur sedert die beweerde verbreking plaasgevind het; en
 - (d) die aard en omvang van die leed wat voorheen in die gesinsverhouding deur die klaer of 'n verwante persoon gely is."; en
- (c) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:
- “(6) Wanneer ook al 'n lasbrief vir inhegtenisname ingevolge subartikel (4)(a) aan 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens oorhandig word, moet die lid die klaer inlig van **[sy of haar]** hulle reg om terselfdertyd 'n kriminele aanklag teen die respondent te lê, indien van toepassing, en aan die klaer verduidelik hoe om so 'n aanklag te lê.”.

Vervanging van artikel 9 van Wet 116 van 1998

15. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

- “Beslaglegging op wapens [en gevaaarlike wapens]** 20
9. (1) Die hof moet 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens gelas om beslag te lê op enige wapen **[of gevaaarlike wapen]** wat in die respondent se besit of onder sy of haar beheer is soos in daardie bevel gespesifiseer, ongeag of die respondent se werk vereis dat die besit van 'n wapen, indien die hof vanuit die getuienis wat voor hom geplaas is, met inbegrip van enige beëdigde verklarings ter ondersteuning van 'n aansoek in artikel 4(1) bedoel, oortuig is dat— 25
- (a) die respondent gedreig het of die bedoeling uitgespreek het om **[homself of haarsel of]** hulself, enige persoon binne **[’n]** die gesinsverhouding, 'n verwante persoon, of enige ander persoon, te dood of te beseer, hetsy met sodanige wapen **[of gevaaarlike wapen]**, al dan nie; of
 - (b) die besit van sodanige wapen [of gevaaarlike wapen] nie in die beste belang van die respondent of enige ander persoon binne 'n gesinsverhouding of 'n verwante persoon is nie vanweë die respondent se— 30
- (i) geestestoestand of verstandelike toestand;
 - (ii) geneigheid tot geweld; of
 - (iii) gebruik of afhanklikheid van sterk drank of verdowingsmiddels.
- (2) Enige wapen in paragraaf (a) van die omskrywing van 'wapen' beoog waarop ingevolge subartikel (1) beslag gelê is, moet **[aan die bekleer van 'n amp in]** deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens [soos beoog in artikel 11(2)(b) van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet 75 van 1969), oorhandig] gehou word, en die hof gelas die klervan die hof om 'n afskrif van die oorkonde van die betrokke verrigtinge aan die **[Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens]** tersaaklike stasiebevelvoerder te stuur vir oorweging ingevolge artikel **[11] 102** van die **[Wet op Wapens en Ammunisie, 1969]** Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000, en 'n afskrif van die oorkonde moet aan die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens voorgelê word. 45
- (3) Enige **[gevaaarlike]** wapen in paragraaf (b) van die omskrywing van 'wapen' beoog waarop ingevolge subartikel (1) beslag gelê is—
- (a) moet 'n onderskeidende uitkenningssteken gegee word en in polisiebewaring gehou word vir die tydperk wat die hof bepaal; en
 - (b) **[word]** kan slegs aan die respondent of, indien die respondent nie die eienaar daarvan is nie, aan die eienaar daarvan, terugoorhandig word op bevel van die hof en op die voorwaardes wat die hof bepaal:

Provided that—

- (i) if, in the opinion of the court, the value of the [dangerous] weapon so seized is below [R200] the amount determined by the Minister in the Gazette from time to time; [or]
 - (ii) if the return of the [dangerous] weapon has not been ordered within 12 months after it had been so seized; or
 - (iii) if the court is satisfied that it is in the interest of the safety of any person concerned,
- the court may order that the [dangerous] weapon be forfeited to the State.
- (4) (a) When a final protection order has been issued against the respondent in terms of section 6, the clerk of the court must as soon as reasonably possible, in the prescribed manner, inform the relevant station commander and National Commissioner of the South African Police Service thereof.
- (b) The relevant station commander must, on receipt of the information contemplated in paragraph (a)—
- (i) determine whether the respondent holds a licence, permit, competency certificate or other authorisation in terms of the Firearms Control Act, 2000, for any firearm;
 - (ii) in terms of section 102 of the Firearms Control Act, 2000, determine whether the person is unfit to possess a firearm; and
 - (iii) inform the National Commissioner of the South African Police Service of their decision regarding the fitness of the person to possess a firearm.”.

5

10

15

20

25

Amendment of section 10 of Act 116 of 1998

16. Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections:

“(1) (a) A complainant or a respondent may, upon written notice to the other party and the court concerned, apply for the variation or setting aside of a protection order referred to in section 6 in the prescribed manner.

(b) The other party must, if they oppose the application, within 10 days of the notice referred to in paragraph (a) being served, give written notice to the other party and the court setting out grounds and facts on which the application is opposed.

(2) If the court is satisfied that—

(a) circumstances have changed materially since the granting of the original protection order;

(b) good cause has been shown for the variation or setting aside of the protection order; and

(c) proper service has been effected on the respondent,

it may issue an order to this effect: Provided that the court [shall] may not grant such an application to the complainant unless it is satisfied that the application is made freely and voluntarily.”.

35

40

45

Amendment of section 11 of Act 116 of 1998

17. Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) (a) No person [shall] may publish in any manner any information which might, directly or indirectly, reveal the identity of any party to the proceedings.

(b) The court, if it is satisfied that it is in the interests of justice, may direct that any [further] information relating to proceedings held in terms of this Act [shall] may not be published: Provided that no direction in terms of this subsection applies in respect of the publication of a *bona fide* law report which does not mention the names or reveal the identities of the parties to the proceedings or of any witness at such proceedings.”.

50

55

Met dien verstande dat—

- (i) indien die waarde van die **[gevaarlike]** wapen waarop aldus beslag gelê is na die oordeel van die hof minder as **[R200]** die bedrag wat wat van tyd tot tyd deur die Minister in die Staatskoerant vasgestel, is; [of] 5
 - (ii) indien die teruggawe van die **[gevaarlike]** wapen nie binne 12 maande nadat dit aldus op beslag gelê is, beveel is nie; of
 - (iii) indien die hof oortuig is dat dit in die belang van die veiligheid van enige betrokke persoon is,
kan die hof gelas dat die **[gevaarlike]** wapen aan die Staat verbeur word. 10
- (4) (a) Wanneer 'n finale beskermingsbevel ingevolge artikel 6 teen die respondent uitgereik is, moet die klerk van die hof so gou as redelikerwys moontlik, op die voorgeskrewe wyse, die tersaaklike stasiebevelvoerder en Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens daarvan inlig. 15
- (b) Die tersaaklike stasiebevelvoerder, by ontvangs van die inligting in paragraaf (a) bedoel—
- (i) vasstel of die respondent 'n lisensie, permit, bevoegdheidsertifikaat of ander magtiging ingevolge die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000, vir enige vuurwapen het; 20
 - (ii) ingevolge artikel 102 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, 2000, vasstel of die persoon ongeskik is om 'n vuurwapen te besit; en
 - (iii) die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens inlig van hulle besluit rakende die geskiktheid van die persoon om 'n vuurwapen te besit.”. 25

Wysiging van artikel 10 van Wet 116 van 1998

16. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) deur die volgende subartikels te vervang:

“(1) (a) 'n Klaer of 'n respondent kan, by skriftelike kennisgewing aan die ander party en die betrokke hof, aansoek doen vir die wysiging of tersydestelling van 'n beskermingsbevel in artikel 6 bedoel op die voorgeskrewe wyse. 30

(b) Die ander party moet, as hulle die aansoek teenstaan, binne 10 dae sedert die kennisgewing bedoel in paragraaf (a), beteken is, skriftelik aan die ander party en die hof kennis gee waarin gronde en feite vir teenstand teen die aansoek, 35 uiteengesit word.

(2) Indien die hof oortuig is dat—
 (a) omstandighede wesentlik verander het sedert die oorspronklike beskermingsbevel gegee is;
 (b) goeie redes aangetoon is vir die wysiging of tersydestelling van die beskermingsbevel; en
 (c) kennisgewing behoorlik aan die respondent beteken is,
 kan die hof 'n bevel uitreik wat daaraan gevolg gee: Met dien verstande dat die hof nie so 'n aansoek aan die klaer mag toestaan nie, tensy die hof oortuig is dat die aansoek ongedwonge en uit vrye wil gedoen is.”. 45

Wysiging van artikel 11 van Wet 116 van 1998

17. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) (a) Geen persoon mag inligting publiseer wat, regstreeks of onregstreeks, die identiteit van 'n party by die verrigtinge kan openbaar nie. 50

(b) Die hof kan, indien **[hy tevrede]** die hof oortuig is dat dit in die belang van die regspleging is, gelas dat enige **[verdere]** inligting betreffende verrigtinge ingevolge hierdie Wet gehou nie gepubliseer mag word nie: Met dien verstande dat geen lasgewing ingevolge hierdie subartikel van toepassing is nie ten opsigte van 'n *bona fide* hofverslag wat nie die name of identiteit van die partye of enige getuies by die verrigtinge bekend maak of openbaar nie.”. 55

